

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 22 VAN 2021

9 Junie 2021

Geagte Ouers/Voogde, Onderwysers en Leerders

DRINGENDE BOODSKAP

Na afloop van 'n vergadering van die skool se Kovid-komitee is daar besluit om die belang van ons kinders en gemeenskap as eerste prioriteit te dien deur die skool vir enkele dae te sluit.

Ons aantal Kovid-gevalle is steeds konstant op agt leerders, maar nog een van ons onderwysers het ook positief getoets en 'n ander onderwyser is vanaf vandag in isolasie. Daar is dus tans twee personeellede wat positief getoets het en twee wat in isolasie is.

Wat ons baie bekommer, is die aantal kinders en personeel wat afwesig is. Baie is siek by die huis en die aantal gevalle van self-isolasie het dramaties toegeneem. Vandag is daar 55 leerders in self-isolasie nadat hulle en direkte en/of indirekte kontak met positiewe gevalle was. Vier en twintig van die gevalle vermeld dat iemand in die huis positief getoets het en 31 gee kontak met positiewe of self-isolerende maats, as rede vir hul isolasie/afwesigheid. Dit is duidelik dat ons leerders en onderwysers se blootstelling aan Kovid styg en dat die risiko nou daagliks toeneem. (Die derde golf is besig om 'n daadwerklike realiteit te word.)

In die lig van volgende week se toetsreeks het ons in oorleg met die Departemente van Onderwys en Gesondheid besluit om die skool te sluit vir Donderdag, 10 Junie; Vrydag, 11 Junie; Maandag, 14 Junie en Dinsdag, 15 Junie. Woensdag, 16 Junie is 'n publieke vakansiedag en dan begin ons met toetse op Donderdag, 17 Junie volgens die rooster, soos voorheen gepubliseer. (Ook hiertoe aangeheg).

Graad 10- tot 12-leerders se vraestelle van Dinsdag, 15 Junie skuif na Saterdag, 19 Junie en Saterdag, 3 Julie 2021 en die Wiskunde toetse van Maandag vir graad 10-12 sal saam met hulle ander Wiskunde vraestelle geskeduleer word.

Ons skep dus nou 'n drieledige geleentheid:

- 1 Vir die leerders om tuis voor te berei vir die komende toetsreeks. Leerders moet fokus op **Google Classroom** vir notas, afbakeninge en instruksies vir die komende toetse. (Alle grade en alle vakke.)
- 2 Vir die substantiewe verlaging van risiko vir die blootstelling aan Kovid. **Dit beteken dat leerders, ouers en personeel nie mag saam kuier of saam leer, verjaarsdagpartytjies of uitstappies hou nie. Hulle kan ook nie by mekaar oorslaap nie. Elkeen moet dus in isolasie voorberei vir die toetse en ons steun op ouerondersteuning in hierdie verband. Nou is die tyd om uiters gedissiplineerd ons kinders te dwing om hulleself te beskerm en te leer. GEEN vrye rondbeweging mag toegelaat word nie. Ouers moet hiermee HELP, asb.!!!!**
- 3 Geleentheid om die skool van bo na onder weer te saniteer voor die toetsreeks begin.

Hier volg reëlins vir die toetsreeks, soos reeds aan u deurgegee, met die nodige wysigings.

Formele Toetsreeks vir Junie/Julie 2021: Graad 8 – Graad 12

1. Die verloop van die eksamen

- Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle toets skryf. **As gevolg van KOVID se derde vlaag, moet die leerlinge na afloop van elke toets verdaag.** Sien die toetsrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
- Sessietye**

Sessie	Graad 8 - 9		Graad 10 - 11	
1	07:30 07:45 08:00 08:15 08:20 08:30	Saniteer op die krieketvelde . Leerders verdaag na toetslokaal. Leerders loop in toetslokaal in. Vraestelle word uitgedeel. Leestyd. Toets begin.	07:30 07:45 08:00 08:15 08:20 08:30	Saniteer agter snoepie en voor die klubhuis (A-veld) . Leerders verdaag na toetslokaal. Leerders loop in toetslokaal in. Vraestelle word uitgedeel. Leestyd. Toets begin.
Sessie	Graad 12			
1	07:30 07:45 08:00 08:15 08:20 08:30	Saniteer in die voortuin . Leerders verdaag na toetslokaal. Leerders loop in toetslokaal in. Vraestelle word uitgedeel. Leestyd. Toets begin.		

2. Konsessies

Ekstra tyd en amannens word slegs vir leerders aan wie **dit reeds toegestaan** is, toegeken. Ekstratydlokaal : T13 en T9 (Gr. 8-11). Graad 12-ekstratyd-leerders skryf saam met die groep in die saal. Vir enige navrae, kontak Me. N Mouton by die Sentrum vir Akademiese Uitmendheid.

3. Afwesighede en laat kom gedurende die toetsreeks

- 3.1 'n Mediese sertifikaat is verpligtend met 'n geldige rede en moet by Me. N Mouton ingehandig word, **voordat hy/sy** die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n toets mis sonder 'n doktersbrief sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning gesien nie.
- 3.2 Indien 'n leerder laat / afwesig vir 'n toets weens onvoorsiene omstandighede is, moet die ouers die skool in kennis stel voor aanvang van die vraestel.

4. Algemene reëls en dissiplinêre kodes

Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.

- Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
- Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n **deurskynende sakkie**. Geen tasse nie.
- Die **skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook, ens.)** moet nagekom word.
- Geen artikels soos "walkmans", **selfone, horlosiefone,** radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
- Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die toetsessie te ontwrig nie.
- Geen leerder sal toegelaat **word om enige skryfbehoeftes te leen nie.**
- Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
- Geen leerder word toegelaat om die toetslokaal tydens die sessie te verlaat nie.
- Maskers word ten alle tye gedra en mag onder geen omstandighede **afgehaal** word of **onder die neus gedra** word nie.

Daar sal **streng** by die toetsdatums en – tye gehou word. **Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.**

POSITIEWE KOVID GEVALLE EN LEERDERS IN SELF-ISOLASIE TYDENS TOETSREEKS

5. **KOVID Positiewe Gevalle**

Leerders wat positief getoets is en 'n positiewe uitslag op skrif het, mag onder geen omstandighede by die skool wees nie. Hierdie leerders sal nie die eksamen inhaal nie. Die leerder sal 'n afwesig kry as punt en sal dus nie gepenaliseer word nie. **Die bewys van 'n positiewe uitslag dien as mediese sertifikaat.**

6. **Leerders wat isoleer**

Leerders wat isoleer en GEEN SIMPTOME toon nie, **MOET** hulle toets kom skryf. Hulle sal in die sportsentrum eksamen skryf waar elkeen 'n veilige afstand van die ander sal sit. Dieselfde toetsrooster se datums word gevolg vir gevalle wat self isoleer.

Leerders wat isoleer moet **mnr Vosloo** in kennis stel by vossie.vosloo@hsrandburg.co.za, sodat die nodige vraestelle op die spesifieke dae gereed kan wees vir leerders om te skryf. **Die reëling MOET daagliks, twee dae voor die vraestel wat geskryf moet word, met mnr Vosloo via e-pos getref word.** Ons vra ons ouers se samewerking in hierdie verband. Hierdie leerders se vraestelle moet vooraf verpak en uitgesorteer word voor hulle by die lokaal aankom.

Leerders kom eers **08:25** skool toe en meld voor die sportsentrum aan.

ISOLASIE in Sportsentrum PROTOKOL

08:25	Leerder word afgelaai by die VODACOM HEK (groot hek op die krieketveld) om te verseker dat leerder nie in kontak kom met ander leerders nie. GEEN LEERDER WAT ISOLEER MAG AFGELAAI WORD SAAM MET DIE RES VAN DIE SKOOL VOOR 7:30 NIE. Hou asseblief jou afstand van ander.
08:30	Alle nodige KOVID-protokolle geld steeds.
08:40	Saniteer voor die sportsentrum.
08:45	Leerders sit 6m uit mekaar in die lokaal. Maskers moet ten alle tye gedra word.
08:50	Vraestelle word uitgedeel.
09:00	Leestyd. Toets begin. Leerders verdaag na afloop van die toets. Ouers tel leerder weer by die VODACOM hek op. Leerder sal binne die terrein op die veld voor die hek wag. Maak asb. seker u weet hoe laat u kind afgehaal moet word. Tydsduur van elke vraestel staan op die toetsreeksrooster. (Sien formele toetsreeksrooster.)

Hierby aangeheg gee ons weer die toetsrooster soos voorheen gepubliseer:

Let deeglik op die volgende wysigings wat u self op die rooster kan aanbring:

LO-EKSAMEN VAN DONDERDAG, 10 JUNIE - INHAAL:

Gr 8 & 9: LO-Eksamen Dinsdag, 29 Junie in tweede sessie na Engelse vraestel.

Gr 10: LO-Eksamen Donderdag, 1 Julie in tweede sessie na Afr. Vraestel 2

Gr 11: LO-Eksamen Woensdag, 7 Julie in die tweede sessie na Toerisme

Gr 12: Eksamen verskuif na Dinsdag, 27 Julie 2021.

(Die dag na die skool begin vir volgende kwartaal.)

Dinsdag, 15 Junie inhaalvraestelle:

Gr 10: Drama, Eko, IGO Saterdag, 19 Junie

Gr 11: Afr. Vraestel 1 & Vraestel 3 Saterdag, 3 Julie

Gr 12: RTT(P) Saterdag, 19 Junie

Eng P1 Saterdag, 3 Julie

DIE RES VAN DIE EKSAMENROOSTER BLY PRESIES DIESELFDE.

DIT IS SLEGS DONDERDAG, 10 Junie en Dinsdag, 14 Junie wat nuwe datums kry.

Ons maak staat op almal se samewerking om ons toetsreeks glad te laat verloop. Groot dank aan ons interne eksamenkommissaris, mev Gouws, vir vinnige aanpassings op die roosters en reëlings. Dankie aan ons Kovid-span wat eenparig hierdie besluit in belang van ons kinders en personeel neem.

Vriendelike groete.

P Booyen: Hoof

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2021 : GRAAD 8

GRAAD 8 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Do. 17 Jun	Vr. 18 Jun	Ma. 21 Jun	Di. 22 Jun	Wo. 23 Jun	Do. 24 Jun	Vr. 25 Jun	Ma. 28 Jun	Di. 29 Jun	Wo. 30 Jun	Do. 01 Jul	Vr. 02 Jul	Ma. 05 Jul	Di. 06 Jul	Wo. 07 Jul	Do. 08 Jul	Vr. 09 Jul
ENG FAL (Litt) (1½)	SW 2 (Ges) (1½)	AFR Vr2 (Lett) (2)		TEG (1)	EBW 2 (Bes) (1½)	WISK (1)	NW (1½)	ENG FAL (Lang) (1½)	AFR Vr1 (Taal) (2)		WISK (2)	KK(T) (2)	SW 1 (Geo) (1½)		EBW 1 (Rek) (1½)	

Maandag 7 Junie: 8:00 – 9:00 EKSAMEN ADMINISTRASIE (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

17:00 – 19:30 AD MATHS EKSAMEN

Donderdag 10 Junie: 8:00 – 9:30 LO (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Eerste sessie begin stiptelik om 8:30

OGGENDPROSEDURE:

7:30 - Leerlinge saniteer by krieketnette (B-veld).

7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe.

8:00 - Leerlinge gaan saam met die onderwyser/es in toetslokaal in. Teenwoordigheidsregister word geneem.

8:15 - Vraestelle word uitgedeel.

8:20 - Leestyd.

8:30 - Vraestel begin.

REGISTERKLAS LOKAAL:

8A – K1 8F – C2

8B – K2 8G – C3

8C – K3 8H – C5

8D – K4 8I – C7

8E – C1

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2021 : GRAAD 9

GRAAD 9 – 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Do. 17 Jun	Vr. 18 Jun	Ma. 21 Jun	Di. 22 Jun	Wo. 23 Jun	Do. 24 Jun	Vr. 25 Jun	Ma. 28 Jun	Di. 29 Jun	Wo. 30 Jun	Do. 01 Jul	Vr. 02 Jul	Ma. 05 Jul	Di. 06 Jul	Wo. 07 Jul	Do. 08 Jul	Vr. 09 Jul
ENG FAL (Litt) (1)	AFR Vr2 (Lett) (2)	EBW 2 (Bes) (1½)		KK(T) (1½)	WISK (1)	TEG (1½)	NW (2)	ENG FAL (Lang) (2)	SW 1 (Geo) (1½)	SW 2 (Ges) (1½)	EBW 1 (Rek) (1½)	AFR Vr1 (Taal) (2)	WISK (2)	NW (1½)	Rekenaar Vaardigheid (1) Skryf volgens vanne: 8:00 – 9:00 Arendse, C – Marais, S 9:30 – 10:30 Marais, T – Woolley, K <i>Lokale: B4, B5, B6 & B7</i>	

Maandag 7 Junie: 8:00 – 9:00 EKSAMEN ADMINISTRASIE (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

17:00 – 19:30 AD MATHS EKSAMEN

Donderdag 10 Junie: 8:00 – 9:30 LO (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Eerste sessie begin stiptelik om 8:30

OGGENDPROSEDURE:

7:30 - Leerlinge saniteer agter die klubhuis (B-veld).

7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe.

8:00 - Leerlinge gaan saam met die onderwyser/es in toetslokaal in. Teenwoordigheidsregister word geneem.

8:15 - Vraestelle word uitgedeel.

8:20 - Leestyd.

8:30 - Vraestel begin.

REGISTERKLAS LOKAAL:

9A – F2 9F – F7

9B – F3 9G – F8

9C – F4 9H – F9

9D – F5 9I – T7

9E – F6

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2021 : GRAAD 10

GRAAD 10 - 1e sessie 8:30 - 12:30 2e sessie 13:00

Di. 15 Jun	Wo. 16 Jun	Do. 17 Jun	Vr. 18 Jun	Ma. 21 Jun	Di. 22 Jun	Wo. 23 Jun	Do. 24 Jun	Vr. 25 Jun	Ma. 28 Jun	Di. 29 Jun	Wo. 30 Jun	Do. 01 Jul	Vr. 02 Jul	Ma. 05 Jul	Di. 06 Jul	Wo. 07 Jul	Do. 08 Jul	Vr. 09 Jul
Drama (T) (2)	J E U G D A G V A K A N S I E D A G	Afr. Vr1 (Taal) (2)	Wisk. (Alg) (2) Wisk. Gelet Vr1 (1)	Wisk. (Meet, Trig, Ana) (1) Wisk. Gelet Vr 2 (1)	Eng FAL P2 (Lit) (2) / HL (2½)	RTT (T) (2)	IT (P) (2½) Begin 8:30 Sit 8:00	FW Fisika (1½)	FW Chemie (1½)	IGO (Meg) (1½) Mus(T) (2½) Dans Studies (2)	Geo Vr1 (T) (2)	Afr. Vr2 (Lett) (2½)	Geo Vr2 (T) (2) Ont- werp (T) (2½) LO Saal Musiek Luister- toets (1½) Oudi- torium	LW (2½)	IT (T) (2) LO Saal Vis Kuns (T) (2½)	Rek (2½)	GVS (1½) BES Vr2 (1½)	Toe- risme (2) LO Saal
Eko Vr1 (Makro) (1½)		LO Saal, A6 & A7	LO Saal, A6 & A7	LO Saal, A6 & A7	LO Saal, A6 & A7		Oudi- torium & K5	B4 & B5	Oudi- torium & K5	Oudi- torium en K5	LO Saal	LO Saal	LO Saal, A6 & A7	Oudi- torium	LO Saal	A6	LO Saal	LO Saal
IGO (Siv) (1½)		Afr. Vr3 (Stel- werk) (1½) Begin 13:00 Sit 12:40			Eng FAL P1 (Lang) (2) / HL (2) Begin 13:00 Sit 12:40		BES Vr 1 (1½)		Drama Prakties 11:00 – 16:00	Eko Vr2 (Mikro) (1½) Begin 13:00 Sit 12:40	RTT (P) (2) Begin 13:00 Sit 12:40			OGGENDPROSEDURE: 7:30 - Leerlinge saniteer voor die Klubhuis (A-veld). 7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe. 8:00 - Leerlinge gaan saam met die onderwyser/es in toetslokaal in. Teenwoordigheidsregister word geneem. 8:15 - Vraestelle word uitgedeel. 8:20 - Leestyd. 8:30 - Vraestel begin.				
Begin 12:30 Sit 12:00		LO Saal, A6 & A7			LO Saal, A6 & A7		A5		Drama lokaal	Oudi- torium	B4, B5,B6 & B7							

Maandag 7 Junie: 8:00 – 9:00 ENG FAL/HL (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.) 17:00– 9:30 AD MATHS EKSAMEN

Donderdag 10 Junie: 8:00 – 9:30 LO (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Maandag 14 Junie: 8:00 – 9:00 WISKUNDE (Slegs Wiskunde, nie Wiskunde Geletterdheid nie.)

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2021 : GRAAD 11

GRAAD 11 - 1e sessie 8:30 - 12:30 2e sessie 13:00

Di. 15 Jun	Wo. 16 Jun	Do. 17 Jun	Vr. 18 Jun	Ma. 21 Jun	Di. 22 Jun	Wo. 23 Jun	Do. 24 Jun	Vr. 25 Jun	Ma. 28 Jun	Di. 29 Jun	Wo. 30 Jun	Do. 01 Jul	Vr. 02 Jul	Ma. 05 Jul	Di. 06 Jul	Wo. 07 Jul	Do. 08 Jul	Vr. 09 Jul
Afr. Vr1 (Taal) (2)	J E U G D A G V A K A N S I E D A G	Rek (2½) Geo Vr1 (T)(2)	FW Fisika (1½) Dans Stu- dies (T) (2)	FW Chemie (1½) Vis Kuns (3)	Eng FAL P2 (Lit) (2) / HL (2½)	Eng FAL P1 (Lang) (2) / HL (2)	Afr. Vr2 (Lett) (2½)	Wisk. (Alg) (2) / Wisk. Gelet Vr1(1½)	Wisk. (Meet, Trig, Ana) (2) / Wisk. Gelet Vr 2(1½)	Drama (T) (3)	IT (P) (3) Begin 8:30 Sit 8:00 B4 GVS (2)	RTT (T) (2)	Geo Vr2 (T)(2) IT (T) (2)	LW (2½)	IGO (Siv) (2) Mus(T) (3)	Toe- risme (2)	IGO (Meg) (2) LO Saal	BES Vr2 (2)
LO Saal A6 & A7		LO Saal	Oudi- torium	Oudito- rium	F Blok	LO Saal A6 & A7	LO Saal, A6 & A7	LO Saal A6 & A7	LO Saal A6 & A7	LO Saal	LO Saal	Oudi- torium	LO Saal	LO Saal	LO Saal	LO Saal	Oudi- torium	LO Saal
Afr. Vr3 (Stel- werk) (1½) Begin 13:00 Sit 12:40 LO Saal A6 & A7					Ont- werp (T) (3) Begin 13:00 Sit 12:40	BES Vr1 (2) Begin 13:00 Sit 12:40				RTT (P) (2½) Begin 13:00 Sit 12:40 B4,B5, B6&B7			Drama (P) 12:00 – 18:00 Drama lokaal					

Maandag 7 Junie: 8:00 – 9:00 ENG FAL/HL (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

17:00 – 19:30 AD MATHS EKSAMEN

Donderdag 10 Junie: 8:00 – 9:30 LO (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Maandag 14 Junie: 8:00 – 9:00 WISKUNDE (Slegs Wiskunde, nie Wiskunde Geletterdheid nie.)

Eerste sessie begin stiptelik om 8:30

OGGENDPROSEDURE:

7:30 - Leerlinge saniteer agter die snoepie.

7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe.

8:00 - Leerlinge gaan saam met die onderwyser/es in toetslokaal in. Teenwoordigheidsregister word geneem.

8:15 - Vraestelle word uitgedeel.

8:20 - Leestyd.

8:30 - Vraestel begin.

FORMELE TOETSREEKS: JUNIE 2021 : GRAAD 12

GRAAD 12 - 1e sessie 8:30 - 12:30 2e sessie 13:30 - 15:30																			
Di. 15 Jun	Wo. 16 Jun	Do. 17 Jun	Vr. 18 Jun	Ma. 21 Jun	Di. 22 Jun	Wo. 23 Jun	Do. 24 Jun	Vr. 25 Jun	Ma. 28 Jun	Di. 29 Jun	Wo. 30 Jun	Do. 01 Jul	Vr. 02 Jul	Ma. 05 Jul	Di. 06 Jul	Wo. 07 Jul	Do. 08 Jul	Vr. 09 Jul	
Eng FAL (2) / HL (2) P1 (Lang)	J E U G D A G V A K A N S I E D A G	Afr. Vr3 (Stel- werk) (3)	Eng FAL (2) / HL (2½) P2 (Lit)	Rek (3) Geo Vr1 (2½) Saal Mus (T)(3) Vis Kuns (T) (3)	IGO (Siv) (3)	GVS (2) Ont- werp (3) Eko Vr 1 Makro (2)	Afr. Vr2 (Lett) (2½)	Wisk. (Alg) (3) / Wisk Gelet Vr1 (3)	Wisk. (Meet, Trig, Ana) (3) / Wisk. Gelet Vr 2 (3)	RTT (T)(2)	BES Dep SBA (3) A4	LW Vr1 (2½) BES Vr1 (2)	FW (Fisika) (3) Toerisme (3)	FW (Chemie) (3) Drama (3)	IGO (Meg) (3)	BES Vr2 (2) LW Vr2 (2½)	Eko Vr 2 Mikro (2) Mus(P)	IT(T) (2) Geo Vr2 (2) Saal Musiek Luister- toets (1½) Oudi- torium	
Saal		Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	B4	Saal	Saal	Saal	Saal	Saal	Oudi- torium	Oudi- torium
RTT (P) (3) Begin om 11:30 Leerlinge Sit om 11:00 B4, B5, B6 & B7		Afr. Vr 1 (Taal) (2) Begin 13:30 Sit 13:00 Saal	Drama (P) 12:00 - 18:00 Drama lokaal					WISK VR2 en WISK GELET Ekstra klas 13:00- 14:30				FW Ekstra Klas 11:30 - 13:00							

Maandag 7 Junie: 8:00 – 9:00 ENG FAL/HL (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Donderdag 10 Junie: 8:00 – 9:30 LO (Tydens toetsperiode. Normale skooldag na afloop van toets.)

Maandag 14 Junie: 8:00 – 9:00 WISKUNDE (Slegs Wiskunde, nie Wiskunde Geletterdheid nie.)

17:00 – 19:30 AD MATHS EKSAMEN

OGGENDPROSEDURE:

7:30 - Leerlinge saniteer in die voortuin.

7:45 - Leerlinge verdaag na toetslokaal en gaan badkamer toe.

8:00 - Leerlinge gaan saam met die onderwyser/es in toetslokaal in. Teenwoordigheidsregister word geneem.

8:20 - Leestyd. **8:30** - Vraestel begin.